Waterberg Afrikaanse Sakekamer

Posbus 841
NYLSTROOM
0510
Nylstene Business Park

Tel (014) 007 0572
Faks no 086 656 0504
E-pos: info@waterbergsake.co.za
Nelson Mandela Weg 8

23 MEI 2018

Geagte Mnr / Mev / Mej

ESKOM KRAGKRISIS: DIE SAKEKAMER SE STRATEGIE

Tydens die Sakekamer Ledevergadering op 17 Mei 2018, het die Sakekamer se regsverteenwoordigers die moontlike opsies en aanbevole strategie om die ingrype van ESKOM moontlik te verhoed, breedvoerig aan die lede en gemeenskap verduidelik. Hierdie strategie behels kortliks die volgende:

1. Besighede, huiseienaarvereenigings, ouetehuise, aftree-oorde, vakansie-oorde en individue **moet elkeen individueel** besware by Eskom indien wat Eskom moet oorweeg voordat Eskom 'n finale besluit neem.

2. Besware moet voor **11 Junie 2018** ingedien wees by:

   Attention: Rachel Sebola
   SENIOR MANAGER: CUSTOMER SERVICES (ACTING)

   Physical Address:
   ESKOM OFFICES
   66 HANS VAN RENSBURG STREET
   POLOKWANE

   Postal Address:
   ESKOM HOLDINGS
   PRIVATE BAG X9477
   POLOKWANE
   0700

   E-MAIL ADDRESS: LPExecActionTeam@eskom.co.za

   'n Formaat van 'n beswaar word hieronder in paragraaf 7 voorgestel.

3. Intussen gaan die Sakekamer se regsspan voort om 'n aansoek teen die Provinsiale LUR Tesourie en die Nasionale Tesourie in te dien ten einde die Provinsiale en Nasionale Regering te verplig om by die bestuur van die Modimolle-Mookgophong in te gryp met die oog daarop om die munisipaliteit effektiewelik onder administrasie te plaas.

4. Eskom gaan as 'n respondent in die voormelde aansoek gevoeg word, aangesien daar redelike gronde bestaan dat Eskom ook hul statutêre verpligtinge vir die rapportering van wanbetaling versuim het en wat tot die bestaande uitstaande skuld bygedra het.

5. Die Sakekamer gaan ook 'n substansiële beswaar by Eskom indien. Vir die doel is Mnr Mike Shussler (van "The Economist") aangestel om 'n ekonomiese impakstudie oor die implikasies van die voorgestelde beurtkrag te doen, wat deel van die Sakekamer se vertoë en die hofaansoek(e) sal wees. **Mnr Mike Schussler sal 'n elektroniese navorsings steekproef beskikbaar gestel wat deur die internet deur elke besigheid en werkgewer voltooi moet word. Die skakel van die steekproef sal so spoedig moontlik onder besighede versprei word sodra dit in werking en ontvang is.**

6. Die voormelde steekproef bestaan uit 10 eenvoudige vrae met opsies vir antwoorde wat elkeen deur die druk van 'n knoppie beantwoord word en behoort nie langer as 2 minute te neem om te voltooi nie. Die antwoorde word deur 'n sentrale program geprossesseer wat dan deel van die impakstudie sal uitmaak. **Dit is daarom belangrik dat alle besighede en werknemers hierde steekproef voltooi en as hierdie versoek nie ondersteun word nie, kan dit ons pogings nadelig raak.**

7. Vir doeleindes van die vertoë aan Eskom, word die volgende formaat in Engels voorgestel:

   7.1 Heading of objection: Notice of Interruption of Bulk Electricity Supply to the Modimolle – Mookgophong Municipality dated 11 May 2018

   7.2 Name of Business / Orginisation / Entity / Individual – the use of a proper letterhead will suffice;

   7.3 Physical addres and full contact details;

   7.4 Nature of buisiness. Should you submit an objection as an individual, please mention same in the objection;

   7.5 How long have you been a rate payer in Modimolle / Mookgophong – how many years?

   7.6 Nature of business. If you are submitting an objection as an individual, please indicate that you are submitting your objetion as a "private individual and resident".

   7.7 Is your electricity bill paid to date?

   7.8 What was the average electricity bill for the past 3 or 6 months, per month.

7.9 Do you make use of a pre-paid electricity consumption system or are you dependent on the municipal billing system?

7.10 How many employees do you employ? If you are a private resident, how many dependants in your household will be effected by the proposed electricity interruptions? Will your employees / dependants be affected by the proposed interrutions and if so, in what manner?

7.11 Are you dependant on continious electricity supply? / How will you be affected by the proposed electricity interruptions?

7.12 Are you willing to pay your electricity bills directly to Eskom?

7.13 Do you require Eskom to engage directly with the community before a final decision is made by Eskom?

Die Sakekamer is baie bekommerd oor die enorme ekonomiese skade wat ons dorpe kan ly, sou ESKOM met hulle beplande aksies voortgaan. Nie net gaan dit ons besigheids-sektor benadeel nie, maar gaan dit 'n geweldige afwenteling inhou op werknemers, die vermindering in spandeerbare inkomste in ons ekonomiese omgewing wat uiteindelik ook 'n invloed op alle ontwikkeling in ons dorp gaan hê waardeur elke individu nadelig geraak kan word.

U sal daarom begrip daarvoor hê dat die Sakekamer genoodsaak is om professionele kundiges vir die doel te nader wat uit die aard van die saak finansiële implikasies inhou en wat nie alleen deur die Sakekamer en sy lede gedra kan word nie.

Die Sakekamer benodig dringend R200,000.00 om hul regsspan opdrag te gee om met die voorgestelde proses te begin en begroot ongeveer R500,000.00 vir die hele proses. (Die aanvanklike R200,000.00 is by die begroting van R500,000.00 **ingesluit**.)

Hoewel die Sakekamer swaar op sy lede staatmaak om 'n finansiële bydrae vir hierdie doel te maak, is die Sakekamer genoodsaak om ook alle ander individue in ons gemeenskap vir 'n bydrae te nader, hoe gering ookal. Hoewel R500,000.00 na 'n enorme bedrag klink, is daar byvoorbeeld in Modimolle alleen ongeveer 6,000 huishoudings wat 'n gereelde inkomste verdien. Indien slegs 2,000 huishoudings R100 per maand vir drie maande betaal oorskry ons reeds die begroting en is die begroting daarom meer as haalbaar.

Indien u bereid is om die Sakekamer hierin te ondersteun, kan u u bydrae in enige een van die volgende bankrekeninge maak:

(i) Waterberg Sakekamer
Eerste Nasionale Bank (FNB)
Modimolle Tak: 260 247
Tjek Rekeningnommer: 6236 0638 814
Verwysing: ESKOM REGSAKSIE; of

(ii) Cilliers Reynders
ABSA Bank Takkode: 333 845 (ACB 632 005)
Rekeningnommer: 405 2500 737
Verwysing: PHEYNS/MAT32720

Die Sakekamer sal gereeld terugvoering aan die gemeenskap gee en u oorweging om die Sakekamer in hierdie inisiatief te ondersteun word met waardering hoog op prys gestel.

Vriendelik die uwe

.....
W L BOTES
VOORSITTER